Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Kwetter Letter

NOMMER 5 VAN 2021 : 25/02/2021

| Lees asseblief alle inligting |

1. PERSONEEL BOODSKAP

Kom ons werk elke dag met ywer.
Gaan slaap lekker vroeg en wees op en wakker by die skool!

2. Verjaarsdae

- Baie geluk ook aan al ons Hasie Kwassie maatjies wat hul verjaardag in Maart vier! Geniet ‘n dag vol pret!

  NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, “cupcakes” of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

Juffrou Lynette	:	Kayla 16/03 ; Kara 18/03 ; Damian 25/03
Juffrou Cathy	:	Wilmarie 09/03 ; Katrien 16/03 ; Hanru 20/03 ; Taydan 24/03
Juffrou Sonja	:	-
Juffrou Anke	:	Abbeygail 04/03 ; JR 07/03 ; Carli 16/03

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag	- Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag	- Gholf ; Swem
Woensdag	- Netbal ; Rugby Akademie (**Onthou tekkies**)
Donderdag	- Tennis - (**Onthou tekkies**) ; Swem
Vrydag	- Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Keagan 083 782 7781
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

- Alle aktiwiteite hervat in Februarie 2021. U het ‘n pamflet met inligting ontvang.
- Neem kennis: Aktiwiteite is nie verpligtend nie ; Addisionele fooie is betaalbaar.
- Bogenoemde aktiwiteite word privaat aangebied – Rig alle navrae direk aan die betrokke kontakpersoon.
- Alle aktiwiteite word gedurende skoolure aangebied – (Buitespeltyd).
- Dankie vir u samewerking.

HASIE KWASSIE HET ‘N DINAMIESE **BUITEMUURSE SPAN**. GEE JOU KIND ‘N KANS OM SY/HAAR TALENTE TE ONTWIKKEL. KONTAK GERUS DIE AFRIGTERS DIREK VIR VERDERE NAVRAE.

4. Tema vir die week

01/03/2021 - 05/03/2021

DAE VAN DIE WEEK

Ons leer die dae van die week,

asook begrippe – gister, vandag en môre.

5. Opvoedkundig

5.1 NUUSLÊER

- U ontvang ELKE DONDERDAG u kind se nuuslêer.
- Haal alle dokumente by plakker uit. U wil nie belangrike inligting mis nie - LEES ASSEBLIEF ALLES!
- Stuur die lêer voor of op Maandag terug skool toe.
- U kan ook die Riebie-Klanke en alle inligting op die webwerf, www.riebie.co.za en **d6** lees.

5.2 KOM ONS WORD SLIM

- Laat u kleuter by die huis teken.
- Kyk dat u kleuter die kryte korrek vashou. Dit is goed vir fyn-spier ontwikkeling en moedig kreatiwiteit aan.

5.3 OUERONDERHOUDE

- **Datum : 23 Maart (Dogters) / 24 Maart (Seuns)**
- **Tyd : 13:00 – 14:00 en 16:00 – 17:00**
- Slegs per afspraak.
- Om afspraak te maak:
  'n Seuns-afspraaklys en 'n Dogters-afspraaklys, vir elke klas, met tydgleuwe, sal op 'n staaltafel op die sypaadjie in Armadastraat beskikbaar wees op:
  15 – 18 Maart 2021, vanaf 06:45 – 07:15 en 12:30 – 13:00.

- Vul u kind se naam, by die tydgleuf wat u pas, op die lys in.
- Wees betyds vir die afspraak, hou by 10 minute.
- Ons gesels veral met ons ouers met wie ons nog geen afsprake gehad het nie.

5.4 SKOOLURE

- Skoolure bly onveranderd tot verdere kennisgewing.
- Aflaai- en oplaai van leerders vind plaas by hekke soos reeds aan u gekommunikeer.
- Kom asseblief die verkeersreëls na. Ons stel u en ons kleuters se veiligheid eerste.

<u>BELANGRIK</u>:
Vanaf Maandag, 1 Maart 2021, sal geen ouers op die skoolterrein toegelaat word nie. Groet asseblief u kind by die hekkie in Armadastraat, waarna die kleuter dadelik klas toe stap en by Juffrou en die maats aansluit.

- **<u>Die temperatuur van leerders sal op hul pols geneem word</u>.**

- Wagklas **<u>vir kleuters</u> met ouer boeties of sussies** (Gr 1–7) is vanaf 12:30 - 14:00. Ouer boeties en sussies moet kleuters sonder versuim kom afhaal sodra die skool sluit. Geen toesig na 14:00. Kleuter sal na naskoolsentrum geneem word en die koste sal van ouers verhaal word. Haal asseblief u kind betyds af.
- GEEN WAGKLAS OP VRYDAE NIE.

<u>BELANGRIK</u>
Leerders ontvang weekliks op 'n Maandag 'n Covid-vorm in hul tassie. Die vorm moet deur ouers voltooi word en op die Dinsdag teruggestuur word. Die invul van die Covid-vorm is VERPLIGTEND.

6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
11 Maart	Instappie
11 Maart	Klaslyste vir oueraande buite op tafel (Ouers maak afsprake)
23 Maart	Oueraand: DOGTERS (13:00 – 14:00 / 16:00 – 17:00)
24 Maart	Oueraand: SEUNS (13:00 – 14:00 / 16:00 – 17:00)

- *Verdere datums en inligting vir die res van die kwartaal sal bygevoeg word in lyn met die aangepaste skoolkalender.*

Hierdie program is onderhewig aan veranderings
Verwys ook na die Riebie-Klanke
Web & D6

6.2 KONTAK SKOOL

- Indien ‘n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.3 AANLEER VAN ‘N BELANGRIKE TELEFOONNOMMER

- Ontvang ‘n prentjie van ‘n telefoon, vandag.
- Skryf u telefoonnommer daarop en leer die nommer vir u kind.
- Hierdie oefening dien as assessering.
- U kind gaan gevra word om die telefoonnommer wat u op die vorm aangebring het, en wat die kleuter aangeleer het, vir sy/haar Juffrou te herhaal (assessering).
- Stuur die prentjie voor/op 4 Maart 2021 terug skool toe.

6.4 KUNSWEDSTRYD

- Briewe, vir leerders wat gekies is om aan die kunswedstryd deel te neem, is vandag 25 Februarie 2021, uitgestuur.
- Voltooi asseblief die antwoordstrokie volledig en stuur terug na u kind se klasonderwyseres voor of op 5 Maart 2021.

6.5 BUITESPEL

- Leerders speel op ‘n rotasiebasis op die **netbalbane**, soos hieronder aangedui.
- Dit is **BAIE BELANGRIK** dat die leerders hul tekkies aan het op die dae wat hulle op die bane speel, aangesien die oppervlak warm is.

MAANDAG & WOENSDAG
Juffrou Sonja en Juffrou Anke se leerders.

DINSDAG & DONDERDAG
Juffrou Lynette & Juffrou Cathy se leerders.

VRYDAG – 26 FEBRUARIE 2021
Juffrou Sonja en Juffrou Anke se leerders.

Belangrik: ONTHOU TEKKIES !!!

6.6 INSTAPPIE

- "ENTERACTIVE PRODUCTIONS" poppekas aanbieding.
- **Donderdag, 11 Maart 2021**
- **Kostes:** R30-00
- Covid-regulasies sal toegepas word.
- Stuur asseblief korrekte bedrag in 'n gemerkte koevert, voor/op 8 Maart 2021.

6.7 BELANGRIKE INLIGTING AAN OUERS

- U kind is vir ons belangrik! Stel asseblief u kleuter se onderwyseres in kennis indien u kind 'n mediese kondisie het, chroniese medikasie ontvang, of reeds deur terapeute geevalueer is, of behandel word. Afskrifte van sodanige assesserings deur terapeute / mediese personeel, sal vir u kind se onderwyseres van groot waarde wees en is in u kind se belang.
- Personeel sal ouers persoonlik kontak indien dit nodig sou wees om vordering of probleme te bespreek. Geen gesprekvoering met betrekking tot u kind word met buitestaanders gevoer nie, (slegs met ouers).
- Gekleurde hare, patrone wat in hare gesny word (ook vir seuntjies), en geen naellak word toegelaat nie.
- Kweek selfstandigheid, byvoorbeeld: Trek self aan, maak eie skoenveters vas, dra eie tas, neem verantwoordelikheid vir besittings.
- Los probleme op: Vra u kind om aan 'n plan te dink om 'n probleem op te los, instede daarvan om oor die situasie te huil.

6.8 BELANGRIKE HERINNERING – BEHEERLIGGAAMVERKIESING

BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2021

Hiermee 'n uittreksel van die Beheerliggaamverkiesing 2021 brief wat op 8 Februarie 2021 aan ouers via die d6 Connect gekommunikeer is: -

Hiermee word kennis gegee van ons nominasie- en verkiesingsproses:

4 Maart 2021
Nominasieproses begin om 08:00. Ouers kan 'n nominasievorm by Mev. Zelda de Goede in die kantoor kom uitteken – eers vanaf 08:00.

5 Maart 2021
Die nominasievorm moet deur die genomineerde kandidaat, die voorsteller en die sekondant geteken wees en nie later as 13:00 by Mev. Zelda de Goede by die skool se kantoor ingedien word.

Die skool kwalifiseer vir ses beheerliggaam ouerlede. Indien die skool slegs ses ouer nominasies ontvang, sal 'n verkiesing nie noodsaaklik wees nie. Die betrokke genomineerde kandidate sal dan uit die aard van die saak onbestrede verkies word. Indien die skool meer as ses ouer nominasies ontvang, sal die verkiesing soos volg plaasvind:

9 Maart 2021

Voldag verkiesing (stemdag) vanaf 07:00 – 18:00.

Ouers kan gebruik maak van 'n elektroniese platform om te stem. Verdere inligting met betrekking tot dié platform sal spoedig aan almal gekommunikeer word.

9 Maart 2021 : Stemme word vanaf 18:15 getel.

10 Maart 2021 : Die beheerliggaam word bekendgestel.

FUNKSIES VAN ‘N BEHEERLIGGAAM

Die funksies van ‘n beheerliggaam sluit, onder andere, die volgende in:

1. Die onderhoud en ontwikkeling van die skoolgeboue, terrein en gronde.
2. Verdeling in subkomitees waarop ander ouers dien en waar beheerliggaam-lede die leiding neem.
3. Die insameling van fondse.
4. Bepaling van die buitemuurse program van die skool.
5. Aankoop van handboeke, skryfboeke en ander onderrigmateriaal vir die skool.
6. Stel die jaarlikse begroting op.
7. Bepaling van die toelatingsbeleid, taalbeleid en godsdienstige oriëntering van die skool.
8. Betaling van dienste wat aan die skool gelewer word.
9. Ondersteun die skoolhoof en personeel in die goeie bestuur van die skool.
10. Geen beheerliggaam-lid mag inmeng met die professionele pligte (onderrig taak) van ‘n onderwyser nie.

NIE-VERKIESBAARHEID

Die volgende persone is nie verkiesbaar tot die beheerliggaam van die Laerskool Van Riebeeckpark nie.

1. Iemand wat nie ‘n Suid-Afrikaanse burger is nie;
2. Iemand wat weens ‘n oortreding gevonnis is tot tronkstraf sonder die keuse van ‘n boete;
3. Iemand wat geestelik ongesond is;
4. ‘n ongerehabiliteerde insolvente persoon; en
5. ‘n ouer wie se kind nie by Laerskool Van Riebeeckpark ingeskryf is nie.

AMPSTERMYN EN VERGADERINGS

‘n Verkose ouerlid sal vir ‘n tydperk van DRIE jaar lid van die beheerliggaam wees, en vergaderings sal ten minste een keer per maand plaasvind.

GENOMINEERDE PERSONE

‘n Ouer kan slegs lid van die beheerliggaam wees solank as wat sy/haar kind by Laerskool Van Riebeeckpark ingeskryf is. Met ander woorde, sodra ‘n kind die skool verlaat, eindig die ouer se lidmaatskap van die beheerliggaam onmiddellik en moet ‘n tussenverkiesing gehou word om ‘n plaasvervanger te kies.

Dit is baie belangrik dat genomineerde persone, onder andere, oor die volgende eienskappe sal beskik:

1. Lojaliteit wat die belange van die skool en die opvoeding in die algemeen, op die hart sal dra.
2. ‘n Ouer wat sy/haar verantwoordelikhede ten opsigte van die skool te alle tye nakom.
3. Belangstelling in skoolsake, leerder-aangeleenthede en algemene skoolbestuur.
4. Konstruktief kan deelneem aan besprekings en ‘n standpunt kan inneem.
5. Met mense kan werk en saamwerk, asook kan optree as ‘n voorsitter van ‘n sub-komitee van die beheerliggaam.
6. Getrou vergaderings kan bywoon.

7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

GEEN GELDE MAG DEUR ONDERWYSERS ONTVANG WORD NIE, TENSY DIE PRESIESE BEDRAG IN 'N KOEVERT MET ALLE BESONDERHEDE DUIDELIK OP DIE KOEVERT AANGEDUI, GEPLAAS IS.
MOENIE VORMS IN KOEVERT PLAAS NIE.

BANKBESONDERHEDE

Naam	:	LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	:	FNB (TJEK REKENING)
Takkode	:	205609
Reknommer	:	62749134243
Verwysing	:	Gr R en Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

1 Maart 2021 – 5 Maart 2021

12:30 tot 14:00

LOKAAL: Juffrou Lynette se klas

Wagklas roteer van klas tot klas, op weeklikse basis.
Slegs vir leerders met ouer boeties / sussies in Laerskool van Riebeeckpark.

Geen wagklas op Vrydae – Skool sluit 12:30.

SNOEPIE vir Graad R-leerders elke Vrydag.
Snoepie-geld in beursie in skooltas.

LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSCHKA